Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*In die demokrasie is die staatsbewind 'n baantjie waarvoor daar op 'n volksvendusie tussen mededingers g e b i e d word.*

*Die grondslag: Baantjies vir boeties.*

# Die O.B.

*In die gesagstaat is die staatsbewind 'n lewensroeping wat in belang van die volk uitgevoer moet word.*

*Die grondslag: Gesag en verantwoordelikheid.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 23 JUNIE 1943. No. 31.

## Donderende Demonstrasie van Vertroue in O.B.-Leiding

### 1,100 Offisiere Onderskryf K.G. se Beleid Insake Verkiesing

**'n Sametrekking van offisiere uit Gebied A (Wes-Kaapland) wat in geesdrif en doelbewustheid herinner het aan die geskiedkundige laertrekking van Oktober 1941 te Bloemfontein, is op 15 Junie in Kaapstad gehou, toe die Leier, Kommandant-genl. J. F. J. van Rensburg en Adjunk-K.G. J. A. Smith die offisiere ingelig het in verband met die Ossewabrandwag se standpunt ten opsigte van die verkiesing. Daar was twee sametrekkings, een hoofsaaklik vir die platteland die middag in die Hofmeyrsaal, en die ander vir Skiereilandse offisiere die aand in Observatory. Die opkomste na albei die vergaderings het die verwagtings veelvoudig oortref.**

Ondanks die kort kennisgewing en vervoervraagstukke het meer as 800 offisiere uit alle hoeke van die platteland hul verskyning gemaak, terwyl ongeveer 300 stedelike offisiere die vergadering in Observatory bygewoon het. Selfs uit die verafgeleë Kalahari het offisiere opgedaag en daarmee hul vertroue in die hoofleiding bevestig.

As in aanmerking geneem word dat die Kommandant-generaal in sy tweejarige leierskap van die Volksbeweging nog nooit 'n stap gedoen het wat anders as vertroue gewek het nie en die Beweging deur veelvuldige krisisse gevoer het, is hierdie vertrouensdaad van die Wes-Kaaplandse offisiere verstaanbaar. Hulle vertrou hul hoofleiding en omdat hulle dit doen, getroos hulle hul die opoffering om honderde myle te reis om leiding te ontvang. **Dit was dan ook duidelik uit die ruime geleentheid wat gegee is vir vrae en bespreking dat geen enkele offisier die leiding wat gegee is, in twyfel trek nie. Daar was spontane dankbetuigings uit die groot gehoor vir die feit dat geen ander leiding aan hulle opgedring is as dié wat hulle ontvang en verwelkom het nie.** Sommige offisiere het verklaar dat hulle gevrees het dat een of ander bevel aan hulle gegee sou word wat hulle baie teësinning sou moes uitvoer, maar soos die saak nou aan hulle gestel is, kan hulle met verligte harte en vol moed terugkeer om hul manskappe voor te lig.

Die twee leiers is langdurig en herhaaldelik toegejuig; veral die aand in Observatory, toe die K.G. 'n spesifieke plaaslike kiesafdeling behandel het, is sy aanbeveling met so 'n oorweldigende geesdrif begroet dat die voorsitter., genl. dr. F. D. du T. van Zyl, die gehoor na 'n aanhoudende demonstrasie van byvalsbetuiging tot bedaring moes bring.

Die sametrekking in die Hofmeyrsaal is met gebed geopen deur genl. ds. Pienaar en dié in Observatory deur ds. Louw.

#### K.G. SE TOESPRAAK

Die K.G. het 'n uiteensetting gegee van die nuwe indeling van die Volksbeweging. Hy het beklemtoon dat die Grootraad tans op 'n breër grondslag rus as voorheen toe dit saamgestel was uit verteenwoordigers van die vier Provinsies. Die feit dat daar voorsiening gemaak word vir jaarlikse laertrekkings van offisiere dwarsdeur die land aan wie die Leier dan persoonlik verslag en verantwoording doen, stel 'n groter wisselwerking van vertroue tussen die lede en die leiding in die vooruitsig. Vir die duur van die oorlog sal dit ongelukkig nog nie ten uitvoer gebring kan word nie. Sy verwysing na die provinsiale grense wat nou verval, met die gevolg dat die Ossewabrandwag nie meer belangstel in Transvalers, Kaaplanders of Vrysta-

(Vervolg op bls. 2)

## Bruisende Geesdrif van Sewentigjarige

**Brandwag Piet van der Merwe van Muldersdrif, Transvaal, het onlangs in sy sewentigste jaar aangebied om in die plek van sy offisier wat nie kon gaan nie, 'n bevel te gaan aflewer wat vereis het dat hy sestien myl met 'n trapfiets moes ry. Oud soos hy is, word hierdie Brandwag deur so 'n geesdrif vir die saak van die Ossewabrandwag aangevuur dat hy bereid is tot enigiets. Koue nòg afstand kan hom terughou van enige vergadering of sametrekking van die Beweging.**

## Bomaanvalle Maak Spilvolke Taaier

### Amerikaanse Blad Verwag Geen Ineenstorting

Volgens The Forum aanhaal uit die Amerikaanse tydskrif Time het die Brits-Amerikaanse bombardering van Europa net die teenoorgestelde uitwerking op die burgerlike bevolkings as wat die Geallieerde leërleiding daarmee beoog. Van Britse kant is herhaaldelik beklemtoon dat die Duitse volk se moraal as gevolg van die lugaanvalle ineen sal stort. Dit blyk nou egter nie die geval te wees nie.

„Net soos in die geval van die gebombardeerde stede van Engeland, so openbaar die gebombardeerde stede van Duitsland 'n merkwaardige vermoë om te herstel,'' aldus die berig. „Dit is duidelik dat die Duitsers afsonderlik en gesamentlik op dieselfde wyse reageer as die Britte tydens die lugaanvalle in die herfs van 1940 en die lente van 1941. Hulle het by die duisende gesterf; hulle het gely en by die soldate aan die front gekla. In stede waarop aanvalle toegespits is, het hulle 'n hel deurgemaak wat erger is as Londen se ergste. **Maar totnogtoe is daar geen teken dat die Duitse volk tot die punt van ineenstorting gebring is nie.**

**„Selfs die Italiane het taaier geword nadat die bombardering hulle binne die gevegslinies gebring het. Die skade en paniek was indrukwekkend, maar op die lange duur het die Britse bomwerpers die Italiane kwaad gemaak en hul haat vir die Britte verskerp.** In die jongste tyd is Italië in die suide deur Amerikaanse bomwerpers aangeval. Die uitwerking was dieselfde — meer beroepe op Hitler om jagvliegtuie en lugafweergeskut, aansienlike skade en groeiende haat vir die Amerikane **wat natuurlik beteken sterker weerstand teen 'n inval.''**

## Leier Weier Versekering Aan O.B. te Gee

**Adv. J. G. Strydom, mede-leier van die H. N. P. in Transvaal, het by geleentheid van 'n vergadering in sy kiesafdeling Waterberg, geweier om te belowe dat hy nie weer teen die Ossewabrandwag sal veg nie, na Die Vaderland berig.**

**Hy sou 'n vergadering van ongeveer sestig persone op Melkrivier toespreek, maar voordat hy begin, het die plaaslike kommandant van die O.B., komdt. Manie Loubser aan adv. Strydom gevra of sy houding teen die Ossewabrandwag verander het en of hy sal onderneem om nie weer later teen die Beweging te veg nie. Adv. Strydom wou eers ontwykend antwoord, maar toe aangedring is dat hy reguit moet antwoord, het hy die vergadering verlaat sonder om dit toe te spreek.**

#### EIE VRYHEIDSDAG-LIED VIR NATAL

Die Natalse gebied het nou sy eie Vryheidsdag-lied. Dit is die eerste keer deur offisiere van die generaalskap van genl. Dick Dannhauser voor die Kommandant-generaal gesing toe hy op 27 Mei 'n besoek aan hul kamp naby Dundee gebring het.

Die komponis van hierdie lied is genl. Tos Pienaar, gebiedsleier vir die Natalse gebied.

*BEGIN VANDAG!*

**DAAR IS VOORTAAN NET EEN GROOT JAARLIKSE POGING OM FONDSE VIR DIE OSSEWABRANDWAG IN TE SAMEL EN DIT IS OP 8 AUGUSTUS!**

**U BEWEGING VERG AL U INSPANNING VIR DAARDIE DAG. Hy KAN ALLEEN BEWEEG AS U DIE MIDDELE VERSKAF — EIKEEN VAN U!**

**BEGIN VANDAG OM U BYDRAE AF TE SONDER VIR DIE AFRIKANERDOM SE STRYDBEWEGING!**





EM Bepk.

**AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bemark deur en vir die gebruik van Afrikaners.**

**DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.**

**'n Kunsbrosjure sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.**

Die Sekretaris,

**EXCELSIOR MEUBELS BEPERK,**

Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoorbondkasgebou

Stuur u brosjure aan: M..........................................

..........................................

OB 1 ..........................................

# Donderende Demonstrasie van Vertroue in O.B.-Leiding

(Vervolg van bls. 1)

ters nie, maar net in Afrikaners, is met luide toejuiging begroet — 'n afdoende blyk van die volk se besef dat ons land op kunsmatige wyse deur die Engelse in verdeeldheid gehou is.

**Die Kommandant-generaal het met betrekking tot die gevare wat die Beweging bedreig, verklaar dat die Ossewabrandwag 'n siel het, en geen beweging met 'n siel kan van buite vernietig word nie. Geen tronke, geen kampe of noodregulasies kan hom vernietig nie. En dat hy 'n siel het, getuig die groot aantal martelare wat hy reeds voortgebring het. Martelare wat wanneer hulle tot 36 jaar tronkstraf veroordeel word, die hakke teen mekaar kan slaan en uitroep: „Lank lewe die Ossewabrandwag!" 'n Beweging met sulke manne word deur geen mag ter wêreld vernietig nie.**

As 'n tipiese voorbeeld van die gees binne die Beweging het die K.G. verwys na Johnnie Lyons, een van die 52 manne wat weens hoogverraad aangekla was. Nadat die aanklag van verraad teruggetrek was, en hulle reeds vyftien maande in die tronk gesit het, is hy voorgebring weens 'n ander aanklag. Hy is onskuldig bevind, en sou 'n paar dae later gelos word. **Intussen egter, solank hy op sy vrylating wag, gaan 'n aantal gevange Afrikaners in dieselfde tronk op 'n hongerstaking uit protes dat hulle sonder verhoor aangehou word. Lyons, wat toe reeds vrygespreek was, het sy veiligheid in gevaar gestel deur uit simpatie saam met hierdie jong manne op staking te gaan. Dit is die gees van kameraadskap wat vandag binne die Ossewabrandwag-geledere gevind word, en dit is dieselfde gees waarin veertien jong manne kort gelede uit die Johannesburgse Fort ontsnap het — die eerste maal in die geskiedenis dat iemand uit die Fort ontsnap, en dit veertien tegelyk!**

Daarom sê spr. dat die Ossewabrandwag 'n siel het en dat hy gekom het om te bly. So 'n beweging kan nie van buite vernietig word nie, en dit is daarom dat sy vyande tans 'n poging aanwend om hom van binne te vernietig. Die verkiesing word gebruik as 'n middel om twis tussen O.B.-lede in te werp. Die vyandigste kandidate — met enkele lofwaardige uitsonderings — word deur dr. Malan uitgesoek om oënskynlik teen die Empire te veg. Die bedoeling is om die O.B.-lede voor die moeilike keuse te stel om òf passiewe steun aan Smuts — 'n vyand van die O.B. — te gee deur weg te bly van die stembus, òf aktiewe steun aan 'n ander vyand van die O.B. te gee deur vir 'n kandidaat te gaan stem wat uitgesoek is weens sy vyandskap teen die Volksbeweging. Dr. Malan hoop dat O.B.-lede mekaar dan sal verwyt oor hul optrede, terwyl ná die verkiesing die volkswoede opgesweep sal word teen die Ossewabrandwag as die oorsaak dat die volk nie die verkiesing gewen het nie. **Daarom is die belangrike verkiesingsaanbod van die Ossewabrandwag deur die Partypers verswyg. Die volk mog nie weet dat die Ossewabrandwag sy hulp teen die Empire aangebied het en dat dit van die hand gewys is nie.**

## NÁ DIE VERKIESING

Hy het daarom 'n beroep op alle Brandwagte gedoen om wat hul optrede ook al gaan wees — aangesien die O.B. geen bevel in verband met die verkiesing gee nie — niks te doen wat verwydering sal veroorsaak nie. **Elkeen moet onthou dat die verkiesing op 8 Julie iets van die verlede sal wees, maar die Ossewabrandwag sal dan aan die toekoms behoort en die toekoms aan die Ossewabrandwag. Ná die verkiesing verwag spr. ernstige dinge. Dit is moontlik dat die kommuniste bedrywiger sal word. Die stryd sal dan plaasvind buite die parlement, en die Ossewabrandwag as buite-parlementêre organisasie met sy kommando-indeling sal dan die enigste bolwerk van die Afrikanerdom wees.**

As voorbeeld van die belaglike en tragiese toestand wat die partypolitiek in hierdie verkiesing geskep het, het dr. Van Rensburg verwys na Frankfort. Daar staan twee republikeinse Afrikaners teen die Empire-kandidaat wat ook 'n Afrikaner is. Die een is mnr. Havenga, die ander mnr. Louis Döhne. **Albei het as jong seuns teen die Engelse vir die Republiek geveg. Albei het onder dieselfde lood deurgeloop. Mnr. Havenga het sewe koeëls in die stryd teen die Empire opgedoen, maar vandag word hierdie twee Afrikaners, wat vir mekaar niks anders as liefde en respek behoort te gehad het nie, gedwing om mekaar bloedneus te slaan sodat die Empire met die setel kan heenloop.**

**Dit is hierdie ding wat die Ossewabrandwag met sy voorstel wou voorkom het. Hy wou dat daar in elke kiesafdeling net een kandidaat namens die Afrikanerdom staan.** Al die organisasies sou hul gewig dan agter hom ingewerp het. Die Ossewabrandwag wou nie 'n wapen in mnr. Pirow en mnr. Havenga se hand teen dr. Malan gewees het nie, en ook nie 'n wapen in dr. Malan se hand teen die ander twee nie, **maar hy wou 'n wapen in aldrie se hande teen die Empire gewees het.** Dit is die kern van sy aanbod, maar dit is deur dr. Malan geweier en daarom sien ons vandag die klug voor ons oë dat republikeinse wapenbroers mekaar moet beveg sodat die Empire met die setel kan heengaan.

## TWEE UITSONDERINGS

Daar is twee kiesafdelings waar die Ossewabrandwag in die huidige omstandighede wel belang by het, naamlik Barberton en Standerton. **In eersgenoemde het die plaaslike leiers van die H.N.P. en Afrikanerparty die Ossewabrandwag se aanbod aanvaar, met die gevolg dat 'n eenheidskandidaat daar benoem is deur die twee partye. Die Ossewabrandwag hou sy woord daar, en hy gaan nie net eenparig stem nie, maar ook stemme aanry vir die gesamentlike kandidaat.**

In Standerton staan mev. Hansen teen genl. Smuts. Laasgenoemde is die simbool van oorlogsmag en roem, **en teenoor hom staan die vrou van 'n geïnterneerde, die slagoffer van daardie oorlogsbeleid. Mev. Hansen staan as die simbool van vrouelike lyding, nie net van die geïnterneerdes nie, maar ook van dié vroue wie se seuns deur die oorlogsbeleid op die vlagvelde gesneuwel het. Ook hier gooi die Ossewabrandwag sy kragte agter die simbool van lyding met alle mag in.**

Die Kommandant-generaal het beklemtoon dat die advies wat ten opsigte van die verkiesing gegee word, bedoel is vir mense wat graag wil gaan stem en nie weet hoe hulle moet stem nie. Die advies is om in alle gevalle teen die Empire te stem, en waar daar 'n keuse is, vir die kandidaat wat nie die Ossewabrandwag beveg nie. **Daar is geen bevel dat mense moet gaan stem nie. Elkeen handel volgens sy eie gewete en oortuiging.**

Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
TOT U DIENS!
V.M.K. AANBEVEEL.

# Wekroepe Teen Skeuring

Genl. Smith het 'n kort uiteensetting gegee van die Ossewabrandwag se pogings tot eenheid in die verlede. Die beweging is gestig met die oog op volkseenheid, en elke keer nog het hy sterk gewaarsku teen verdelingspogings binne die Afrikanerdom. Tot so 'n mate was dit die geval dat spr. 'n skelnaam opgedoen het, naamlik van Sambok. **Toe hy in Desember 1940 gewaarsku het teen die tekens van 'n revolusie binne die Nasionale Party en gesê het dat mense wat nie binne die volkseenheid wil bly nie, met die sambok teruggedryf moet word, het hy dit gesê in oorleg met dr. Malan. Daar was gevare vir die Party en spr. wou skeuring voorkom het. Hy was toe 'n held, maar toe die Ossewabrandwag later dieselfde taal gespreek het, was dit oorsaak tot 'n oorlogsverklaring.**

Die Ossewabrandwag wou die euwel van skeuring in volksgeledere uitroei. En toe daar in 1941 weer tekens was dat die Party gaan skeur en daar in die Partypers al openlik daarvan gepraat is, het dr. Van Rensburg sy beroemde waarskuwing teen verdeeldheid op Elsburg laat hoor. **Hy het die volk opgeroep om niks met so 'n skeuring te doen te hê nie. Toe is dit hom kwalik geneem en 'n ultimatum het op Stellenbosch gevolg.** Die Ossewabrandwag het egter getrou gebly aan sy roeping en toe dr. Malan die volk oproep met die woorde: „Laat die stryd kort van duur en beslissend wees," het die Ossewabrandwag 'n beroep op sy lede gedoen **om nie die skeuring aan te moedig deur vir die Party te bedank nie. Hy het 'n beroep op sy mense gedoen om binne die Party te bly.**

Vandag weer, toe dit skyn of daar 'n verkiesing gaan kom waarin Afrikaner teen Afrikaner in die harnas gejaag en deur die modder getrek word, wou die Ossewabrandwag hierdie tragedie voorkom met sy aanbod om sy gewig in te werp teen die Empire indien die nasionaalgesinde partye mekaar nie sal beveg nie. **Hierdie wekroep tot eenheid is egter gesmoor en die volk is daaromtrent in die duister gehou.**

Teenoor hierdie houding kom die partyleiding egter en eis dat hul kandidate 'n eed moet aflê waarin hulle onderneem om niks te doen te hê met die Ossewabrandwag in enige opsig nie. **In die plek van die volkseed van die Ossewabrandwag dat ek my mede-Afrikaner altyd sal beskerm, kom nou die party-eed waarin 'n kandidaat voor God moet sweer dat hy niks met sy mede-Afrikaner te doen sal hê nie.**

Die Ossewabrandwag sal voortgaan om te veg vir eenheid en hy sal nie nalaat om die vinger te lê op die euwel wat vir verdeeldheid verantwoordelik is nie — die euwel van partypolitiek, het genl. Smith besluit.

*Maak Kennis met die*
Nuwe
Volkspele
Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."
*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*
Prys 4/3 posvry
Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:
„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."
MEER AS 200 KURSUSSE
Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".
DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ........................
Naam ........................
Adres ........................
(O.B. 23 Junie, 1943) ........................
Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).
HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## VOLK MOET STEEDS IN BEWEGING BLY

### Dr. P. Meyer op Memel oor O.B. se Gees van Verset

„Omdat ons in die gees van die Ossewabrandwag handel, is geen vraagstuk vir ons onoplosbaar nie,'' het genl. dr. P. J. Meyer, Voorligtingshoof, verklaar toe hy op 29 Mei 'n openbare vergadering onder beskerming van die Ossewabrandwag op Memel, in die Vrystaat, toegespreek het.

Komdt. Sarel du Toit, die plaaslike kommandant, was die offisier in bevel. Genl. J. L. Uys, van Vrede, was ook teenwoordig. Ds. J. Kilian, die plaaslike leraar, het die vergadering met gebed geopen.

Dr. Meyer het gewys op die nasionale en sosiale gees waarmee die Ossewabrandwag besiel is en beklemtoon hoe die Ossewabrandwag op hierdie twee grondslae die hele volk in beweging bring na sy eindbestemming wat deur God alleen bepaal is.

**Die volk kan alleen in beweging bly as hy gedissiplineerd marsjeer. So nie maal hy deurmekaar en kom daar rusie en stilstand.** Om ordelik te kan marsjeer vereis leierskap. Die leier moet voorloop, nie net elke vyf jaar by die stembus nie, maar van dag tot dag. Sonder leierskap kan daar geen dissipline wees nie en sonder dissipline ook geen werklike leierskap nie.

„Ons is reeds in beweging na ons eindbestemming en is reeds besig om dag na dag die een na die ander struikelblok plat te loop,'' het dr. Meyer gesê en toe as die vernaamste struikelblokke genoem die innerlike verdeeldheid onder ons volk vanweë die ingevoerde partypolitieke stelsel, die imperialisme, die Brits-Joodse kapitalisme en die kommunisme.

**Wat die verdeeldheid betref kan ons slegs eenheid verkry as die hele volk deur die Volksbeweging in die beweging gehou word. Sodra daar stilstand is, is daar twis en onenigheid. Ook kan ons nie die Empire oorwin as ons in verskillende kampe staan nie. Die dag wanneer al die partypolitieke kampplekke oopgaan en die Afrikanerdom binne die Ossewabrandwag sy eenheid vind, sal ons die laaste Empire-hindernis platloop.**

**Ons is nie in die aanstaande parlementsverkiesing geïnteresseerd as 'n partyverkiesing nie, maar slegs in soverre dit 'n volksdemonstrasie is. Ons is in die eerste plek geïnteresseerd in die VERSETGEES van die Afrikanerdom. Ons stel dus belang in die aantal stemme teen die Regering, as openbaring van verset teen die oorlogsbeleid, en nie in die aantal setels in die parlement nie.**

Met sy sosiale gees loop die Ossewabrandwag die kapitalisme storm en sal dit tot die fondamente afbreek. Teen die kommunisme staan daar ook net één georganiseerde mag en dit is die Ossewabrandwag.

„Ons handel in die geloof en vertroue dat geen mag van buite God se wil met ons volk kan stuit nie.''

Genl. J. L. Uys het in 'n paar woorde gewys op die verkeerde grondslag van ons huidige ekonomiese stelsel wat op goud gebou is. Slegs op grond van ons werklike rykdom, ons vaderlandsbodem kan ons 'n gesonde volksbestaan bou.

Na afloop van die vergadering het die meer as 200 aanwesiges na die begraafplaas gegaan waar genl. Meyer namens die plaaslike kommando 'n krans gelê het op die graf van wyle veldkt. Paul van Dyk, wat 'n paar maande gelede oorlede is.

Die middag het genl. Meyer de offisiersvergadering van die kommando bygewoon en die standpunt van die Ossewabrandwag ten opsigte van die verkiesing verduidelik.—(Kor.)

(Berig deur J. Piek, Vootrekkergebou, Johannesburg.)

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

# Volkskas

IS DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKAANSE HANDELSBANK met landswye omvang, opgebou uit eie bodem.

**VOLKSKAS** VERSKAF VOLLEDIGE BANKDIENSTE, naamlik:—

- **Neem Beleggings op Spaarrekeninge, Beleggingsertifikate en Vaste Deposito's.**
- **Gee Voorskot-fasiliteite op Oortrokke Rekeninge onder dekking van Verbande of ander Sekuriteite, asook op Bewyse van een tot ses maande termyn.**
- **Verstrek Voorskot-fasiliteite aan gesalarieerdes en loontrekkendes, aflosbaar met maklike paaiemente strekkende oor termyne van drie tot agttien maande.**
- **Open Lopende-tjekrekeninge.**
- **Verstrek ander Gebruiklike Bankdienste.**

***Die volgende syfers toon baie duidelik die opspraakwekkende groei aan:***

| | 30/6/1940 | 30/6/1941 | 30/6/1942 | 31/3/194 |
|---|---|---|---|---|
| Ingeskrewe Kapitaal .. | £92,000 | £162,000 | £275,000 | £384,000 |
| Gestorte Kapitaal .. .. | 37,000 | 77,200 | 140,000 | 216,000 |
| Totale Beleggings .. .. | 530,000 | 1,090,000 | 2,050,000 | 3,123,000 |
| Likwide Bate .. .. .. | 175,000 | 370,000 | 650,000 | 1,393,000 |

...VOLKSKAS-AANDELE IS NOG VERKRYBAAR...

## VOLKSKAS (Koöperatief) BEPERK

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

VOLKSKAS-GEBOU, Sentraalstraat, PRETORIA.

DIE VOLK SE BANK.

**TAKKANTORE:**

**TRANSVAAL:**
BENONI
BRAKPAN
BRITS
CAPITAL PARK (Pretoria)
GERMISTON
JOHANNESBURG
KLERKSDORP
KRUGERSDORP
LICHTENBURG
PIETERSBURG
POTCHEFSTROOM
POTGIETERSRUST
PRETORIA
RUSTENBURG
VEREENIGING
VREDEDORP

**KAAPPROVINSIE:**
BELLVILLE
BONNIEVALE
BURGERSDORP
CRADOCK
KAAPSTAD
DE AAR
MALMESBURY
MIDDELBURG
OOS-LONDEN
OUDTSHOORN
PORT ELIZABETH

**ORANJE VRYSTAAT:**
BETHLEHEM
BLOEMFONTEIN

**NATAL:**
DURBAN
PIETERMARITZBURG

DIE O.B., WOENSDAG, 23 JUN. 1943

# TEEN WIE?

Dat die Ossewabrandwag gebrand het van begeerte om in hierdie verkiesing 'n verenigde optrede van Afrikanerkant teen die Empire-bewind te bewerkstellig waaraan hy self daadwerklik kon deelneem, blyk uit sy onbaatsugtige aanbod aan die politieke leiers waarin hy onderneem het om partykandidate — in die benoeming van wie hy geen seggenskap geëis het nie — te ondersteun mits die partye onderling kon reël om mekaar nie in die wiele te ry nie. Hierdie poging van hom om die Empire te help slaan, is verydel deur die weiering van dr. Malan om aan so 'n eenheidsfront deel te neem. Toe dit duidelik geword het dat dr. Malan voornemens is om ook slag te lewer teen mede-republikeine, **kon die Ossewabrandwag as organisasie geen daadwerklike steun aan enige groep belowe nie, omdat hy nie 'n wapen in Afrikanerhand teen Afrikaners wil wees nie.** Die verste wat hy toe kon gaan, was om aan daardie lede van hom wat graag wil gaan stem, te sê hoe hulle behoort te stem. Sy advies aan hulle was om in alle gevalle teen die Empire te stem, maar darem ook nie teen die Ossewabrandwag deur kandidate te ondersteun wat uitgesoek is op verdienste van hul vyandigheid teen die volksbeweging nie.

Omdat hy hierdie vanselfsprekende advies aan sy lede gee, word hy nou beskuldig van inmenging in die verkiesing waarmee hy dan niks te doen het nie. Dit is daarom nodig dat die Ossewabrandwag sy optrede motiveer sodat daar geen misverstand by vriend of vyand kan bestaan nie.

**TEEN EMPIRE**

Ons moet ons in die eerste plaas afvra waaroor die verkiesing gaan. Is dit 'n stryd van nasionalisme teen imperialisme? Dr. Malan beweer dat dit wel die geval is, en daarom beroep hy hom op die steun van individuele O.B.-lede. Indien dit die geval is, en die volk het reg om te eis dat dit die geval behoort te wees, **dan is die belangrikste kwalifikasie van enige anti-empire-kandidaat dat hy teen die Empire moet wees in merg en been.** So 'n kandidaat moet iemand wees wat met 'n reine gewete kan onderneem dat hy nooit met die Empire sal heul of teen sy volk sal draai nie.

In hierdie uitgawe publiseer ons die verklaring wat deur elke H.N.P.-kandidaat onderteken moet word. **Daarin kom geen enkele sin voor dat hy teen die Empire gekant moet wees nie.** Hy moet net sê hy is geen lid van 'n ander politieke party nie. **Maar wat hy wel moet onderneem is dat hy „nie 'n lid of 'n ondersteuner (is) van enige organisasie wat na die oordeel van die Hoofraad die party ondermyn of hom met die party se inwendige sake inmeng, en dat ek met sodanige organisasie geen ooreenkoms of verstandhouding VAN ENIGE AARD het OF SAL HÊ met betrekking tot my kandidaatstelling of benoeming OF TOT MY OPTREDE OF HOUDING AS LID VAN DIE PARTY NIE."** Verder onderneem hy dat „ek vir my setel sal bedank sodra die Hoofraad my tot sodanige bedanking sal versoek omdat ek na **hul oordeel hierdie plegtige verklaring verbreek het"!**

**TEEN DIE O.B.**

Die kandidaat wat uitgesoek word om teen die **Empire** te gaan veg in naam van die H.N.P., moet dus feitlik sweer dat hy nooit vir die res van sy lewe 'n verstandhouding van enige aard met die **Ossewabrandwag** sal hê nie — die Ossewabrandwag is naamlik reeds op 3 Oktober 1941 deur dr. Malan tot 'n „sodanige organisasie" verklaar!

Nou vra ons: **wat het die verkiesing teen die Empire met die Ossewabrandwag te doen tensy dit dr. Malan se doel is om in hierdie verkiesing nie teen die Empire te veg nie, maar hoofsaaklik teen die Ossewabrandwag?** Waarom moet 'n kandidaat sweer dat hy nooit in die toekoms „'n verstandhouding" met die Ossewabrandwag sal hê nie wanneer dit 'n stryd teen die Empire is? En hoe verreikend is hierdie eed nie! **Nooit in die toekoms mag hy 'n „verstandhouding van enige aard" met die Ossewabrandwag hê nie! Word daardie kandidaat dan gestel teen die Empire of teen die Ossewabrandwag?**

In die lig van hierdie verklaring — die inhoud waarvan, tussen hakies, streng geheim gehou is deur die Partyleiding — is die waarskuwing van die Kommandant-generaal dat dr. Malan in hierdie verkiesing die vernietiging van die Ossewabrandwag beoog en nie die nederlaag van die Empire nie, geregverdig, en in dieselfde lig is dr. Malan se weiering om saam met die Ossewabrandwag 'n front teen die Empire te vorm, verstaanbaar.

(Hoofartikel en alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe, tensy anders vermeld, is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

# Min of Meer Belangrik

### *Afrikanerdom 'n „Seksie"*

In 'n verklaring oor sy verkiesingsbeleid gee dr. D. F. Malan sy standpunt ten opsigte van die Engelse as volg (Die Burger 15 Junie): „Die ou verslete beskuldiging dat ons slegs vir een ras staan en alle ander uitsluit, is vals . . . Ons waarborg aan die Afrikaans- en Engelssprekende seksies van ons bevolking albei dieselfde beskerming vir hul politieke, taal- en kulturele regte."

Vir dr. Malan bly die Afrikanerdom dus nog maar steeds net 'n „seksie" in sy eie vaderland.

* * *

### *Voorbeeld van wat nie moes Gewees het*

Vir die 150 kiesafdelings van die Unie is daar 335 kandidate in die veld. Driehoekige gevegte vind in 45 kiesafdelings plaas en vierhoekige gevegte in vier kiesafdelings.

Die Verenigde Party betwis 132 setels, die H.N.P. 110, die Afrikanerparty 24, terwyl daar in verskeie afdelings onafhanklike eenheidskandidate staan. **In bykans veertig setels dus is die kragte van die Afrikanerdom so verdeeld dat die moontlikheid om die Empire daar uit te klop, uiters gering is. Dit is hierdie ding wat die Ossewabrandwag met sy aanbod wou voorkom.** Indien dr. Malan die aanbod aanvaar het, sou die gewig van die hele Afrikanerdom soos een man in 110 kiesafdelings ingegooi gewees het. Watter wins aan eenheid ons volk uit so 'n gesamentlike kragmeting kon put, afgesien van die uitslag van die verkiesing, kan elkeen hom voorstel. Die geleentheid, hoewel skraal, bly staan tot op 7 Julie, wanneer die Ossewabrandwag se aanbod verval.

* * *

### *Partypolitiek in Onguns*

Die Rhodesiese parlement het onlangs 'n mosie aangeneem waarin versoek word dat partypolitiek vir die duur van die oorlog gestaak moet word. Die indieners van die voorstel het verklaar dat die gewone publiek bekommerd voel oor die huidige politieke toestand en geen vertroue vir die oorlogvoering ingeboesem word deur die onbetaamlike gebabbel in die parlement **waar lede klaarblyklik net stemme probeer vang nie.**

Hierdie Britse-koloniale politici het dus ook tot die ontdekking gekom dat die partypolitieke wapen nie in tye van nood deug nie. En as 'n ding in tyd van nood nie deug nie, dan beantwoord dit nie aan sy doel nie, en deug dit ook nie in normale tye nie.

* * *

### *Kommunistiese Aansoek in Brittanje Verwerp*

Die kongres van die Britse Arbeidersparty het verlede week die aansoek van die Kommunistiese Party om affiliasie met die Arbeidersparty met 1,950,000 stemme teen 712,000 verwerp. Sterk taal teen die Kommuniste het hiermee gepaard gegaan. Die Britse minister Herbert Morrison het gesê dat die kommuniste nog in 'n revolusie deur geweld glo. **Hy het verwys na die gewetenlose metodes van hierdie mense en gesê dat as hulle in die Arbeidersparty kom, „sal ons bevuil word deur die aanraking met hulle."**

* * *

### *Radio-Oorwinning vir die Duitsers*

Die Cape Argus se korrespondent berig dat die Tommies van die Agste Leër so siek en sat geword het vir die musiek wat aan hulle deur die Britse radiodiens uitgesaai is, dat hulle naderhand na die Duitse programme begin luister het, met die gevolg dat hulle en die Duitse soldate nou dieselfde lied, Lilli Marene, sing!

Indien die Duitse radio meer dergelike tasbare suksesse in vyandige kamp behaal, kan die vegtende soldate naderhand nie net eenders sing nie, maar dalk ook eenders praat en dink!

## DIE ARGENTYNSE RAAISEL

Daar is min state in die wêreld wat in die huidige oorlog nog neutraal is hoewel opsegging van neutraliteit nog lank nie aktiewe oorlogvoering beteken nie. Selfs in die afgeleë Suid-Amerika het die een na die ander staat sy neutraliteit opgesê. Daarvoor het die Dollar-imperialisme van die V.S.A. gesorg. Slegs een Amerikaanse staat, nl. die belangrike republiek van Argentinië het tot dusver daarin geslaag om sy neutraliteit te handhaaf. Dit was geen gemaklike taak nie, want reeds lang is daar geweldige „Al-Amerikaanse" druk op die Argentynse regering uitgeoefen. In Januarie 1942 was daar b.v. tydens die Al-Amerikaanse konferensie in Rio de Janeiro kragdadige pogings aangewend om 'n breuk tussen Argentinië en die Spilmoondhede te bewerkstellig. Daarop het die Argentynse president, Castillo, die volgende verklaring afgelê: „Ons het van die begin af gesê en ons het te alle tye volgehou dat Argentinië nòg tot oorlog nòg tot 'n breuk sal oorgaan."

**'n Argentynse Krisis**

Toe daar op 4 Junie 'n geslaagde revolusie in die Argentynse hoofstad uitgebreek het en Castillo genoodsaak is om as president te bedank, het die Geallieerdes hierdie revolusie vertolk as 'n pro-demokratiese beweging wat veroorsaak is deur 'n sterk gevoel teen die regering se diktatoriale metodes en sy neutraliteitsbeleid. Die vreugde oor die nuwe bekeerling was egter van korte duur. Een van die eerste stappe wat die nuwe president, genl. Rawson, gedoen het, was teen die kommuniste. Die staatsgreep in Argentinië is egter spoedig opgevolg deur nog 'n regeringsverandering, waardeur Rawson die bewind aan genl. Ramirez oorgegee het. Teen die nuwe president, wat sy opleiding in Duitsland ontvang het, is daar in Geallieerde kringe „sterk bedenkings" gelug. Ook sou hy „nie veel van 'n demokraat" wees nie. Wat in Geallieerde kringe waarskynlik ook tot nadenking gestem het, is die feit dat lande soos Duitsland, Italië en Spanje onder die eerstes was wat die Ramirez-regering erken het. Erkenning deur die V.S.A. en Brittanje het eers later gevolg.

**Revolusie nie pro-Geallieerd**

Uit die karige berigte oor Argentinië wat Reuter ons verstrek, is dit duidelik dat die Ramirez-revolusie nie 'n pro-demokratiese gebaar is nie. Volgens die Argentynse skrywer wat die Onspaanse naam van Max Dickmann dra, het die jongste revolusionêre gebeurtenisse 'n „heeltemal reaksionêre verloop" geneem. Die daarstelling van 'n volkome militaristiese diktatuur, is volgens Dickmann, „te volmaak teweeggebring om as 'n bona fide opstand van demokratiese pro-Geallieerde faksies voorgestel te word." Ook „ondemokratiese dade" van die Ramirez-regering soos die verbod op die kommunistiese blad La Hora en die algemene optrede teen die kommuniste, plus die ontbinding van die parlement lyk nie soos pro-demokraties nie.

(Vervolg in voorgaande kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

dade nie. Aldus die Argentynse skrywer, Max Dickmann, wat op die oomblik in die V.S.A. vertoef.

Volgens 'n verklaring van Ramirez self sal die beleid van sy regering teenoor die res van die wêreld neutraal wees en sal dit geen buitelandse inmenging duld nie. Hierdie verklaring moet vir Washington 'n teleurstelling wees. As United Press verder berig dat Argentynse troepe die kantore van die nasionale rubberkommissie en dié van die Michelin-buiteband-maatskappy beset het sonder om enige verduideliking te verskaf, dan wonder 'n mens of agter hierdie Argentynse optrede nie ook ietwat anti-dollar sentiment steek nie.

**Binnelandse Wanpraktyke die Oorsaak van Revolusie?**

Dit is onmoontlik om op hierdie stadium vas te stel of die Argentynse revolusie enige buitelandse reperkussies sal hê. Dit is egter bekend dat daar in alle Suid-Amerikaanse state bevolkingselemente is wat in die dollar-imperialisme 'n nasionale gevaar sien en wat 'n militêre nederlaag vir Washington en Londen verlang. In hoeverre hierdie anti-Washingtonse elemente in Argentinië vir die jongste revolusie verantwoordelik gehou kan word, is nie duidelik nie. Waarskynlik is dit dat die oorsake van die revolusie in suiwer binnelandse aangeleenthede gesoek moet word. Dit lyk of die ekonomiese ontwrigting, wat in die huidige oorlog sy oorsprong het, ook in die natuurlik-ryke Argentinië 'n ferner optrede van regeringsweë noodsaaklik gemaak het. Vandaar dat die nuwe regering ook sy voorneme bekend gemaak het „om bedrog en korrupsie by die provinsiale en federale regerings die nek in te slaan en van hulle ordentlike staatsinstellings te maak."

Die reaksies in die demokratiese V.S.A. op hierdie ondemokratiese beleid in Argentinië sal interessant wees. Op die oomblik kan die Argentynse revolusie nie veel geesdrif in Washington wek nie. Die aanvanklike vreugde in Washington en Londen was ietwat voorbarig.


# Sluit nader aan



**BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS SLUIT NADER BY MEKAAR AAN —**

stuur u produkte en vee aan u eie bemarkingsorganisasie. Ons lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees . . . As u ons dienste eenmaal getoets het, sal ons u steun blywend verwerf.

**VOLKSKOPER MARK BPK.**

Mõremark — Newtown

Foon 34-1642 JOHANNESBURG Wolhuterst. 62

# Kandidate moet O.B. Afsweer.

Onderstaande is die volledige inhoud van die verklaring wat dr. Malan van al sy kandidate verwag om te onderteken voordat hy hul kandidatuur goedkeur. Die Ossewabrandwag se naam word nie in soveel woorde genoem nie, maar paragraaf twee en 'n gedeelte van paragraaf een is teen hom gemik, aangesien dr. Malan op 3 Oktober 1941 die Ossewabrandwag verklaar het tot 'n sodanige organisasie as wat hier na verwys word.

Dit is opmerklik dat waar dit oor 'n ander „party" gaan, 'n kandidaat net moet onderneem om geen lid te wees nie, maar waar dit oor die „organisasie" gaan, hy hierbenewens ook moet onderneem om geen ondersteuner te wees nie.

Die inhoud van hierdie verklaring is totsover deur die Partyleiding sorgvuldig geheim gehou.

VERKLARING

Vir ondertekening van Aspirant-kandidate van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty.

Ek, die ondergetekende, verklaar plegtig en opreg:

1. Dat ek lid is van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty en van geen ander politieke party **of beweging nie.**
2. **Dat ek nie 'n lid OF 'N ONDERSTEUNER is van enige organisasie wat NA DIE OORDEEL VAN DIE HOOFRAAD die Party ondermyn of hom met die Party se inwendige sake inmeng, en dat ek met sodanige organisasie geen ooreenkoms of verstandhouding van ENIGE AARD het OF SAL HÊ met betrekking tot my kandidaatstelling of benoeming OF TOT MY OPTREDE OF HOUDING AS LID VAN DIE PARTY NIE.**
3. Dat ek aan die Herenigde Nasionale Party of Volksparty op politieke gebied my volle en onverdeelde trou beloof in die handhawing van sy beginsels en die uitvoering van sy beleid.
4. Dat ingeval ek verkies word **ek vir my setel sal bedank** sodra ek mag ophou om lid van die Party te wees **of sodra die Hoofraad my tot sodanige bedanking mag versoek omdat na HUL oordeel ek hierdie plegtige verklaring verbreek het.**

Geteken op hierdie....................dag van ....................1943 te.............................. deur my....................................

Aspirant vir die Party-benoeming vir die Volksraad/Provinsiale Raad in die kiesafdeling van....................................

..............................

(Kyk ons hoofartikel.—Red.)

O.B.-GESELLIGHEID! !
onder leiding van
MEV. VAN NIEKERK
Kerksaal, Collingwoodweg
OBSERVATORY
*Saterdag, 26 Junie 1943*
Kom geniet 'n heerlike aand en ondersteun die Mannekommando van Observatory om fondse in te samel vir 8 Augustus.
*ALMAL WELKOM!*

VOLKSPELE en VOLKSANG! !
LENTE-KURSUS TE
*SOMERSET-OOS*
27 SEPTEMBER tot 2 OKTOBER 1943.
Oos-Kaapland kom speel en sing saam.
Afronding in ou spele;
Beoefening van NUWE spele;
Verryk u Volksang.
Hoofafrigter:
Neef Pierre Fourie, Cradock.
(Onder beskerming van die R.D.B. en die O.K.P.V.)
Navrae:
CHRIS GROENEWALD
(Organiseerder)
Markstr. 20, Somerset-Oos.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660 — JOHANNEBURG
GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde VRUGTEBOME; vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die UNIE sowel as elders. Sierbome, Struike Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! Katologus gratis.

## £7 VIR PAK KERSE EN VUURHOUTJIES

### Gloeiende Geesdrif in Koue

**By geleentheid van 'n dienslaer van komdt. Oosthuysen, Muldersdrift, Transvaal, op 5 Junie, toe dit so koud op die rivierwal was dat die ruite van die motors met 'n ys-laag bedek was, is onder andere met direkte opveiling verkoop 'n pak kerse vir £2-10-0 en 'n dosie vuurhoutjies vir 10/-. Dit was nie Amerikaanse opveiling nie, maar dis toegeslaan op die hoogste bod. Eers was die pak kerse en 'n pak vuurhoutjies saam verkoop vir £1 5s. Die persoon het dit teruggegee en die vuurhoutjies is toe dosie vir dosie opgeveil, waaronder een dosie 10/- gegaan het en die kerse vir £2-10-0. Die pak kerse is weer teruggegee, en weer verkoop vir £1-10-0. Tesame het die pak vuurhoutjies en pak kerse ingebring vir die Noodhulpfonds by die sewe pond.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**24 Junie:** George Theron (George), Johanna Nel (Upington), Charlotte Venter (Oos-Londen); **25 Junie:** Susanna C. du Plooy Swanepoel (Beaufort-Wes), Wilhelmina Hesketh (Sutherland), **26 Junie:** Gideon Theodorus Heyns (Sutherland), Zacharia Fourie (Upington): **27 Junie:** Adam Barnard (George), Abraham le Roux (Stellenbosch), Nikolaas J. Roos (Stellenbosch), Estie Maree (Paarl), Johann von Wielligh (Paardeberg); **28 Junie:** Aletta le Roux (Beaufort-Wes), Niel Malan (P.K. Hugenoot), Elizabeth Susanna Christina Olivier (Merweville), P. Johannes Coetzee (Wilgenhoutsdrift); **29 Junie:** Jannie Boshoff (George); **30 Junie:** Pierre de Vos (dist. Beaufort-Wes), Grace de Vos (dist. Beaufort-Wes), Jacob Abraham Grobbelaar (Vryburg).

*RAMME*
Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.

# *Suid-Afrika kry ook sy Siberie*

## *Aaklige Navolging van Stalin se Metodes*

**'n Verdere en volwasse stap is deur die Suid-Afrikaanse Empirebewind gedoen in die rigting van na-aping van die Bolsjewistiese diktatuur in Moskou. Nadat hierdie bewind reeds die Ogpoe-metodes van die Kremlin deur middel van noodregulasies ingevoer het, waarvolgens burgers van die land sonder aanvoering van redes in hegtenis geneem en vir onbepaalde tyd „vir ondervraging" aangehou kan word, het die finale stap nou gevolg deur sulke slagoffers nie net op te sluit nie, maar hulle ook te verban na tronke en kampe buite die grense van die beskawing.**

**Een van die grusaamste metodes van die Bolsjewistiese diktatuur is om burgers na Siberië te verban waar hulle opgesluit word of in dwangkampe slawediens moet verrig. Miljoene Russiese burgers het reeds op hierdie manier „verdwyn" en hul bloedverwante het nooit weer van hulle gehoor nie.**

**In blykbare navolging van hierdie gebruik het die Suid-Afrikaanse bewind nou ook per noodregulasie hom die mag toegeëien om burgers van die Unie te verwyder „na enige Britse besitting of protektoraat in Afrika."**

**Rusland het sy uitgestrekte en onherbergsame Siberië waar politieke teenstanders na die vergetelheid gestuur word.**

**Suid-Afrika kry nou die swart kontinent van Afrika as hinterland waarheen politieke teenstanders „gedump" kan word.**

**Die lot van miljoene slagoffers van die Russiese Ogpoe is deur die ysige koue van Siberië beseël.**

**Gaan die tropiese siektes van Afrika dieselfde handlangerdiens doen vir die politieke speurdiens van „kameraad" Colin Steyn?**

# *Ossewabrandwag Gee Nuwe Betekenis aan die Woord Politiek*

## *Leersame Offisiere-Kamp in Natal*

**'n Dertigtal geesdriftige offisiere uit die generaalskap van genl. Dick Dannhauser (Dundee en omgewing) het van 26 tot 28 Mei 'n kamp bygewoon op die plaas van die Gebiedshoofgeneraal vir die Natalse gebied, genl. Tos Pienaar.**

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, het ook 'n besoek aan die kamp gebring en het hier sy verklaring met sy aanbeveling oor hoe lede van die Ossewabrandwag in die aanstaande verkiesing moet stem, bekend gemaak. Hy het by hierdie geleentheid ook die herindeling van die Beweging uiteengesit. Die Kommandant-generaal was vergesel van die Inspekteur-generaal van die Ossewabrandwag, genl. H. J. R. Anderson.

Genl. dr. P. J. Meyer, Voorligtingshoof van die Ossewabrandwag, het twee dae in die kamp vertoef en het in 'n reeks lesings 'n heldere uiteensetting van verskeie aspekte van die Volksbeweging-gedagte gegee. Genle. mev. Steenkamp, hoofvroue-offisier vir die Natalse gebied het ook die kamp besoek. Ook genl. W. H. van Rooyen, van Vryheid het 'n kort besoek gebring.

Genl. dr. P. J. Meyer het daarop gewys dat die beleid van die Ossewabrandwag nie bestaan uit 'n program van beginsels en aksie, wat wissel na gelang van die stemme wat daardeur gevang moet word nie. Die beleid van die Ossewabrandwag is 'n **gesindheid.** Hierdie gesindheid is enersyds nasionaal en dit openbaar hom in die strewe om elke Afrikaner vir die Afrikanersaak te wen deur hom of haar simpatiek te behandel en nie weg te stoot nie. Aan die anderkant is hierdie gesindheid ook sosiaal en dit kom tot uiting in die strewe om jou mede-Afrikaner te help, hom by te staan in tyd van nood. Hierdie nasionale en sosiale gesindheid vorm die grondslag van die Ossewabrandag se beleid. **Ons openbaar ons onveranderlike beleid, maar nie hoe ons dit in besonderhede gaan toepas nie, omdat die taktiek na omstandighede verander. 'n Generaal maak tog immers nie sy taktiek voor 'n slag bekend nie.**

DIE VERSKIL

Die partypolitiek, daarenteen, maak van elke prosedure-aangeleentheid 'n beginsel en van elke beginsel 'n prosedure-kwessie na gelang van die selfsugtige wense van die kiesersmassa.

Dr. Meyer het voorts die verskil tussen volkspolitiek en partypolitiek behandel. **Vir ons in die Ossewabrandwag is politiek die ordelike reëling van die gemeenskapslewe en nie die uitoorlêery van een groep deur die ander soos in die partypolitiek die geval is nie. Volkspolitiek is die reëling van die hele volkslewe volgens die natuurlike gesagsordening. Dit is nie 'n gesag wat jy vrees nie maar wat jy lief het.**

Die Afrikaner moet nie net nasionaal selfstandig wees nie, maar ook sosiaal. Elkeen moet 'n menswaardige bestaan kan voer. Vir die Ossewabrandwag beteken welvaart nie 'n opeenhoping van duisende ponde nie maar die voorsiening in menslike behoeftes. Daarom beklemtoon ons die feit dat alle produktiewe arbeid gesond is en dat ons ekonomiese lewe gegrondves moet wees op ons arbeid aan die bodem, die natuurlike kapitaalbesit van ons volk. Met ons arbeid aan ons vaderlandsbodem moet ons volk gevoed, geklee en gehuisves word.

Dr. Meyer het ook verduidelik hoe die Volksbeweging die hele volk met al sy bedrywighede in beweging bring na sy eindbestemming, en beklemtoon dat ons reeds elke dag besig is om die nodige vryheidstoestand daarvoor te skep deur elke struikelblok op ons pad voor ons weg te skop. In die Ossewabrandwag is ons reeds aan bewind in ons land in soverre ons getrou na ons

(Vervolg op bls. 6)



## OSSEWABRANDWAG GEE NUWE BETEKENIS AAN DIE WOORD POLITIEK

(Vervolg van bls. 5)

eindbestemming voortbeweeg. Ons neem reeds bevele van ons Kommandant-generaal net soos ons dit van ons president sal doen. Vir ons is ons president dan reeds daar, regeer hy reeds. Deur die Noodhulpfonds help die een die ander. So vorm die volksbeweging die volkstaat deur die daad.

Die partypolitiek, het die **pratende** Afrikanerdom geskep. In die Ossewabrandwag is egter die bewegende, **handelende** Afrikanerdom opnuut gebore.

Die kamp het genl. Tos Pienaar, wat voorheen generaal vir daardie afdeling was, verras deur £15 aan hom te oorhandig wat die offisiere onder mekaar ingesamel het as blyk van waardering vir wat hy vir hulle as generaal beteken het. Genl. Pienaar het egter geweier om die geld vir hom persoonlik te neem en het vir elken van die drie hoofkommandantskappe £5 in die Sentrale Vryheidsofferfonds gestort.

Die offisiere het dit besonder hoog op prys gestel dat die Kommandant-generaal in staat was om 'n nag daar oor te bly. Die aand het almal gesellig om 'n groot kampvuur gesit en is volksake met die Kommandant-generaal bespreek. Die besprekings is afgewissel deur pittige grappe en met 'n lekker beker koffie en boerbeskuit wat die boere van hul plase gebring het. Voordat die kamp die aand verdaag het, het die Kommandant-generaal ook die nuwe offisiere ingesweer. Die verrigtinge vir die aand is afgesluit met skriflesing, gebed en sang om die kampvuur.—(Kor.)

## O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:**

### KAAPLAND TOT 16 JUNIE.

Die bedrag van £28-18-6 teenoor die naam van M.- en V.-Kommando's, Victoria-Wes in die uitgawe van 9 Junie moet £20-18-6 lees.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 7,883 | 2 | 4 |
| Offergeld „Besembossies" Kaapstad | 2 | 6 | 0 |
| „Arbeidsdiens" Kaapstad | 3 | 17 | 10 |
| Manne-Kommando Franschoek | 7 | 10 | 0 |
| Mnr. Esbach, Tiervlei | 1 | 6 | 6 |
| Hoofkommandantskap mev. C. Gericke, Mosselbaai | 20 | 3 | 0 |
| Karreedouw Vroue-Kommando | 1 | 12 | 3 |
| Karreedouw Manne-Kommando | 1 | 5 | 0 |
| Karreedouw Vrindekring | | 19 | 0 |
| Vriende Kaapstad | 1 | 10 | 0 |
| Weeklikse bydrae Veldskoenkring Oudtshoorn | 2 | 2 | 8 |
| Weeklikse bydrae Veldskoenkring Oudtshoorn | 1 | 12 | 3 |
| Offergeld Vroue-Kommando Paarl | 3 | 5 | 0 |
| Vriende Vlakteplaas | 2 | 10 | 0 |
| Asst. Veldkte. mev. v. Rensburg, Louisvale | | 10 | 0 |
| 2e Bydrae Veldkornets. Hermanus | 1 | 0 | 0 |
| Willowmore Kommando | 40 | 1 | 9 |
| Groote Schuur Vroue-Kommando | 2 | 12 | 6 |
| Maandel. bydrae Bokveld V.-Kom. | 1 | 7 | 6 |
| Vriende Bellville | | 10 | 0 |
| Komdte. C. du Plessis Hazenjacht | 2 | 10 | 0 |
| Prins Albert Kommando's | 9 | 0 | 0 |
| Ceres Vroue-Kommando | 10 | 19 | 2 |
| H. Holland Vroue-Kommando | | 12 | 6 |
| Mnr. Spies Worcester | 1 | 0 | 0 |
| Upington Vroue-Kommando | 2 | 16 | 3 |
| Vriend Bonnievale | 1 | 0 | 0 |
| | £8,007 | 1 | 6 |

### VRYSTAAT TOT 30 APRIL.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 6,042 | 17 | 10 |
| Hoofkommando 1A | 3 | 2 | 6 |
| Kommando 1A2 | 4 | 0 | 0 |
| ,, 1A7 | 4 | 7 | 0 |
| ,, 1B1 | 6 | 0 | 0 |
| ,, 1B2 | 3 | 5 | 0 |
| ,, 1B6 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 1B7 | 4 | 13 | 6 |
| ,, 1C1 | 1 | 12 | 6 |
| ,, 1C6 | 9 | 16 | 0 |
| Generaalskap 2 | 2 | 0 | 0 |
| Kommando 3A1 | 2 | 3 | 4 |
| ,, 3A2 | 3 | 14 | 9 |
| ,, 3A3 | 7 | 1 | 1 |
| ,, 3B1 | 5 | 16 | 3 |
| ,, 3C3 en 3C8 | 17 | 19 | 2 |
| ,, 3C7 | 4 | 7 | 6 |
| ,, 4B1 | 3 | 4 | 9 |
| ,, 4B3 | 8 | 16 | 6 |
| ,, 4D1 | 2 | 18 | 0 |
| ,, 4D6 | 1 | 18 | 0 |
| ,, 5A2 | | 18 | 4 |
| ,, 5A3 en 5A8 | 12 | 18 | 0 |
| ,, 5A6 | 3 | 9 | 6 |
| ,, 5A9 | 3 | 17 | 0 |
| ,, 5E1 | 2 | 8 | 0 |
| ,, 6A6 | | 15 | 0 |
| ,, 6B8 | 1 | 5 | 3 |
| ,, 6D1 | 2 | 19 | 11 |
| ,, 6D6 | 1 | 8 | 6 |
| ,, 7A3 | 2 | 7 | 7 |
| ,, 7C1 en 7C6 | 15 | 3 | 6 |
| ,, 7C3 en 7C8 | 2 | 17 | 6 |
| ,, 9A7 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9A8 | 1 | 3 | 6 |
| ,, 9B2 | 4 | 0 | 0 |
| ,, 9B6 | 3 | 4 | 6 |
| ,, 9B8 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9C1 | 28 | 11 | 4 |
| ,, 9C2 | 3 | 0 | 0 |
| ,, 9D6 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 9E2 | 1 | 2 | 3 |
| ,, 9E3 | 7 | 10 | 0 |
| ,, 9E7 | 2 | 3 | 4 |
| ,, 9E8 | | 11 | 0 |
| ,, 11A1 en 11A7 | 7 | 2 | 6 |
| ,, 11B1 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 11C3 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 11C6 | 4 | 0 | 0 |
| ,, 11D2 en 11D7 | 1 | 5 | 6 |
| ,, 11D6 | 2 | 0 | 6 |
| ,, 12A7 | 1 | 11 | 0 |
| ,, 12A8 | 3 | 11 | 9 |
| ,, 12B6 | 1 | 1 | 9 |
| ,, 12C6 | 6 | 18 | 11 |
| Vriend Bloemfontein | | 5 | 0 |
| Vriend Bloemfontein | 1 | 0 | 0 |
| A. C. S. Nel Sperville oor Bloemfontein | 5 | 10 | 0 |
| Hoofkwartier-staf | | 11 | 0 |
| | £6,284 | 5 | 7 |

## BEREID VIR SWAARKRY

### Kommando toon Vooruitgang

Op Saterdag, 29 Mei, het die Middelrug-kommando weereens bewys gelewer van die pragtige samewerking wat daar is om die afhanklikes van geïnterneerdes geldelik te steun.

Terwyl die vrouens 'n verkoping gehad het, was die mans verantwoordelik vir sportnommers soos volkspele en jukskei. Die mooi bedrag van £25 is ingesamel wat 'n aansienlike vermeerdering op die vorige keer is. Die wapperende O.B.-vlag het aan vreemdes die plek van die funksie aangedui. Baie opvallend was die geesdrif van bejaardes wat ook ten volle vertroud geraak het met die nuwe idee en bedeling waarvoor die O.B. staan. Toe komdt. Nortjé van die Herold-kommando, in sy toespraak melding maak van die moeilikste taak van die O.B. wat nog wag, het 'n ou grysaard geantwoord:

„Wat ek vir die O.B. gedoen het, is vir my nog nie swaarkry nie — ek is enige tyd bereid vir die swaarkry wat voorlê."

Toevallig was dit juis 'n persoon wat hom baie opofferings getroos.—(Meegedeel.)

**DEEL in die Winste.** — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid
**Damesuitrusting**
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**ENGELBRECHT.** — Aan Asst.-Veldkt. en mev. G. F. J. Engelbrecht van Baltimore, Potgietersrust, 'n fris dogtertjie op die vroeë môre van 6 Junie. Naas die Heer ons innige dank aan verpleegmoeder.

**NAUDé.** — Aan Kommandant en mev. Meiring Naudé (Lulu Ziervogel) 'n O.B.-dogter op 13 Junie in die Eikerus Kraaminrigting, Stellenbosch.

### VERLOWING

**WELMAN—GROBLER:** Ons, Gertjie Welman van Eerstegeluk, Odendaalsrus, en Marie Grobler van Alice, Kroonstad, maak aan alle belangstellendes bekend dat ons die 5de Junie verloof geraak het.

### HUWELIK

**VAN WYK — SMIT:** Hiermee maak ons aan al ons O.B.-vriende bekend dat ons, Wessel, seun van mnr. en mev. A. D. van Wyk, van Dwarsberg, en Minnie, dogter van mnr. en mev. L. J. Smit, van De Wet, D.V. in die Ned. Geref. Kerk, Worcester, trou op Saterdag, 26 Junie 1943 om 8.15 n.m. Gelukwense en Telegramme: Commercial Hotel, Worcester. Geen Resepsie.

### IN MEMORIAM

**ROSENLEFT.** — In tere liefde dink ons terug aan 24 Junie 1940, toe ons moes afskeid neem van ons dierbare Vader en Oupa Freddie. Sy vriendelike stem roep ons „Kom Kinders, stel my nie teleur, ek ontmoet jul by die Heer." Sy verlangende kinders en kleinkinders, Lodewyk en Edvige Bieldt (Rosenleft), Meulstraat, Wolseley.

### BETREKKING VAKANT

**DADELIK BENODIG** vir die huisverkoopafdeling van onderstaande vinniguitbreidende eiendomsagentskap: 1 werwer en 2 verkoopsagente met eie motors. Salaris, motortoelae en goeie kommissie. (Gemiddelde inkomste van een van ons verkoopsagente afgelope 5 maande, £82 per maand). Skriftelike aansoek: Ouderdom, vorige ondervinding en getuigskrifte. Lewendig-dooies hoef nie aansoek te doen nie. **Steunmekaar, Malherbestraat 268, Pretoria.**

### BETREKKING VAKANT

**BLANKE dame vir algemene kantoorwerk en boekhou in motor-besigheid. Moet einde Junie begin. Meld ondervinding en kwalifikasies vir boekhou, tik ens. Skryf aan J. H. Gouws, Groblershoop, en meld salaris.**

### BENODIG

FLUKSE jong Afrikanerseun, hardwerkend, nie jonger dan 20 jaar, vir algemene boerdery. Salaris £1-10-0 per maand en 5 persent van alle gesaaides, koring ingesluit. 30 sakke is reeds geplant. Die mielies word in September mee begin. Dienste kan dadelik begin word. **Genl. J. W. Meyer, Bus 33, Kopjes, O.V.S.**

FLUKSE ongetroude Afrikaner as kneg op plaas naby Durbanville; moet kennis hê van masjenerie en groente-boerdery. Doen aansoek: **Leibrandt van Niekerk, Mosselbank, Durbanville.**

### TE KOOP GEVRA

**TREKKER, 25 P.K. of meer. Moet in eersteklas kondisie wees. P. Penning, Bus 6, Devon.**

### TE KOOP

BESTE kwaliteit heuning-tee, 93 pond sak 20/-, 50 pond 10/6, 25 pond 6/-. Vars aartappels, 12/- per sak. Gelewer Bus-halte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **Burger Jonck, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

### STEMPELS

STEMPELS met die O.B.-wapen daarop is weer verkrygbaar teen 18/- of met naam van Kommando daarby £1-1-0 posvry. Bestel van **Tafelberg Industrieë, Kohlingstraat 16, Kaapstad.**

### GRAFSTEENMAKERS

**S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Eins.) Bpk.,** waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randmure ens. Vir meer besonderhede skryf aan **Posbus 2, Maitland,** of telefoneer **5-4420,** of na-ure **5-2823.** Adres: **Voortrekkerweg, Maitland.**

### KAROOBOKKRAALMIS

**BESTE kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmistoestelle. Gelewer bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 goeie sakke, K.M.B. S. Nel, Uitvlugt, Sheldonstasie.**

### KAROO BOK-KRAALMIS

**BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel, 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas. Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery. Die Laan, Stellenbosch.**

*Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . .*

● Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente

**G. C. du Plessis en Kie.**
**Môremark, JOHANNESBURG.**
**Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."**
Skryf om besonderhede en adreskaartjies.
**Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.**



VARS vrugte uit u eie tuin smaak altyd beste. Bestel dadelik u eie bome om teleurstelling te voorkom. Dagbreek-Kwekery sal u verwagting ver oortref. Verpakking- en spoorvrag vry. Gratis katalogus op aansoek. DAGBREEK-KWEKERY (Gidion Brits en Seun), Foon 3, Jachtfontein, P.K. Jachtfontein oor Johannesburg.

# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 6 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—As u van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 15/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelllingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN
Posbus 142. Oudtshoorn.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**